

# SONSTRAAL BYBELSTUDIE

**10 MEI 2026**

## Is daar Lewe in my? | Johannes 14:15-21

**Open**

Vertel vir mekaar in een sin hoe jou week was. Het jy in die week iets oor jouself besef?

**Lees die teks**

Ons teks gedeelte nooi ons in een van die mees intieme oomblikke in Jesus se bediening - ’n tyd toe sy dissipels onseker, bang en verward was. Net voor sy kruisiging verseker Jesus hulle dat sy vertrek nie die einde van sy teenwoordigheid beteken nie. Inteendeel, Hy belowe dat sy lewe in hulle sal voortgaan.

Wanneer Jesus sê: “Omdat Ek lewe, sal julle lewe”, nooi Hy ons om te ontdek dat die Christelike lewe nie net gaan oor om Hom te volg nie, maar om sy lewe in ons te dra.

**Iets om te weet**

Jesus praat oor ons innerlike werklikheid. Hy sê: Die wêreld sien Hom nie, maar sy volgelinge ervaar Hom, want die Gees maak Jesus se lewe werklik in ons.

Dit beteken vir ons dat God se nuwe bly plek in ons is. Dit beteken dat jou bewussyn word die ruimte waar Christus Homself openbaar. En jou gedagtes, emosies en begeertes word die grond van die Gees se werk.

Jesus is in die Vader, ons is in Christus, Christus is in ons. Dit is die diepste geheim van die Christelike lewe: Christus leef sy lewe in en deur ons.

**Gesels saam**

- Wanneer jy onder druk is - of emosioneel raak - wat kom eerste uit jou mond of jou houding, en wat sê dit oor wat werklik in jou hart leef?
- Waar in jou lewe ervaar jy die teenwoordigheid van Christus?
- Hoe weet jy dat die Gees van God in jou woon?
- Hoe lyk dit as ons toelaat dat ons emosies ons lei en ons leef uit ons eie krag?
- Wat beteken dit dat Christus “in my” is?
- Hoe verander hierdie waarheid my identiteit, selfbeeld en manier van leef?
- Is daar oomblikke waar ek vergeet dat Christus in my leef?
- Hoe sou my dag anders lyk as ek regtig geglo het dat Jesus in my woon?

**Sluit af**

Johannes 14:19–20 is nie net ’n leerstelling nie, dit is ’n uitnodiging om innerlik wakker te word vir die werklikheid dat Christus in jou leef. Hoe kan jy hierdie week meer bewus leef en wees van Christus wie in jou leef?